

BYBELSKOOL: Lynnwoodrif Bybelskool
19 Julie tot 30 Augustus 2022

TEMA: DIE EERSTE BRIEF AAN DIE KORINTIËRS

Liewe Bybelskoolstudent,

Ons gaan in hierdie eerste kwartaal van die tweede semester *Die eerste Brief aan die Korintiërs* bestudeer.

Heel eerste behoort ons seker so ietsie te weet van die stad Korinte self. Dit was destyds die hoofstad van die Romeinse provinsie Acháje wat omtrent die hele Griekeland en Macedonië ingesluit het. Dit is baie goed geleë naby die ongeveer 5 kilometer landengte (= ismus) wat die Ioniese See aan die westekant en die Aegeïese See aan die oostekant skei. Dit was dus destyds reeds 'n baie belangrike hawestad asook 'n belangrike stad op die deurgangroete tussen die Ooste en Weste. Gaan kyk 'n bietjie op 'n Bybelkaart in jou Bybel of jy Korinte daarop kan vind.

Paulus het 'n hele paar briewe (waarvan ons weet) aan die gemeente te Korinte geskryf. Eintlik is Paulus se *Eerste Brief aan die Korintiërs* (soos dit in ons Bybel genoem word), eintlik sy tweede brief, want Paulus self sê in hierdie brief soos volg: "In die vorige brief het ek aan julle geskryf om nie met mense om te gaan wat in onsedelikheid leef nie" (1 Korintiërs 5:9). Blykbaar het die Korintiërs hierdie opmerking heeltemal verkeerd verstaan, en daarom dat Paulus sy opmerking in daardie eerste brief (wat ons nie besit nie) probeer regstel in hierdie brief (wat ons Bybel die *Eerste Brief aan die Korintiërs* noem). Hy verduidelik nou in laasgenoemde brief wat hy eintlik met daardie opmerking bedoel het.

Verder, die sogenaamde *Tweede Brief aan die Korintiërs* (soos ons Bybel dit noem) is eintlik Paulus se vierde brief, want dit is duidelik dat daar tussen die Eerste Brief (in die Bybel) en die Tweede Brief (in die Bybel) ook 'n ander brief was. Ons kan dit agterkom in 2 Korintiërs 2 waar Paulus verwys na 'n vorige brief wat hy blykbaar met soveel tranes van hartseer geskryf het. So ons weet dus van ten minste vier briewe wat Paulus aan die Korintiërs geskryf het!

Met Paulus se derde sendingreis het hy 'n paar jaar in Efese gebly (Kyk bietjie op 'n Bybelkaart waar die hawestad Efese geleë is). Tydens Paulus se verblyf daar het hy van Chloë se mense gehoor dat daar erge verdeeldheid in die stad Korinte was (lees 1 Kor. 1:11-12). Verder het Paulus self ook 'n brief van die gemeente te Korinte ontvang waarin hulle allerhande vrae aan hom gestel het (lees 1 Kor. 7:1). Dit het Paulus gemotiveer om hierdie brief (*Eerste Brief aan die Korintiërs*) aan die gelowiges in die stad Korinte te skryf.

Dit is die Brief wat ons saam gaan lees. Hierdie brief bevat soveel interessante inligting. *Die Bybellennium* som dit so op: "Geen ander geskrif in die Nuwe Testament skets aan ons 'n gemeentesituasie só na aan ons tyd as juis die eerste Korintiërbrief nie. Die vrae wat die lidmate vra en Paulus se antwoorde daarop is só vars soos vanoggend se koerantopskrifte."

As jy self ook meer inligting wil hê oor die agtergrond van die *Eerste Brief aan die Korintiërs*, en die inhoud daarvan, wil ek jou verwys na *Die Bybellennium. 'n Eenvolumekommentaar* (Redakteurs: Fika J Van Rensburg en Marius Nel; Uitgegee deur CUM Uitgewers). Dit is 'n baie handige boek vir enige Bybelstudent.

Ons gaan elke Dinsdagoggend saam lees uit die *Eerste Brief aan die Korintiërs*. Ons eerste lesing is op 19 Julie 2022, en ons laaste lesing is op 30 Augustus 2022 (Dinsdag 9 Augustus is 'n openbare vakansiedag en dan sal ons geen lesings hê nie.

Ek sien so baie uit daarna om die inhoud van hierdie boek saam met julle te ontdek.

Vriendelike groete
Prof Hennie Stander
hennie@stander.co.za